### *Die gees en die siel van Johannes die Doper*

**145** **Die mense** sê: "Meester! As dit so is, dan is dit tog nie regverdig dat U hom nou in die kerker laat nie! Te oordeel aan U dade, wat buiten Elohim sekerlik geen mens tot stand kan bring nie, sou dit vir U tog nie moeilik wees om die doper, omdat hy vir U gewerk het, te bevry nie! Meester, dit sal U tog wel moet doen en U sal hom nou nie in die steek mag laat nie!"

[2] **Ek** sê: "Wie self kom, kan meer bereik as wie `n bode of `n brief stuur. Die gees van Johannes is groot en groter as al die geeste wat ooit op hierdie aarde in `n liggaam gewerk het; maar sy liggaam behoort tot hierdie aarde en uit sy swakhede het hy ook `n swak siel ontwikkel, en so is dit goed!

[3] Want `n gees wat so sterk is, is wel in staat om `n swak siel kragtig te ontwikkel; maar die vlees en die siel van Johannes is swak. Daarom stuur hy in sy plek steeds bodes, en bodes en briewe bereik nooit dít wat die eie persoon, waarin siel en gees woon, kan bereik nie.

[4] Want Ek mag en Ek kan met My wil niemand My krag en mag skenk nie, tensy daardie iemand kom en dit self neem nie; want Ek sal niemand ooit verhinder om hom na eie keuse van die lewe te beroof of die oordeel oor homself af te roep nie, en so kan mens ook My mag en krag neem as mens dit vir `n goeie doel nodig het.

[5] Maar wie nie self kom nie, die sal niks kry nie - behalwe die barmhartigheid van die lig, sodat hy daardeur hier of in die hiernamaals die weg na My vind en onderweg insien dat Ek Self die weg na die lewe en die Lewe Self is.

[6] Johannes doen wat niemand doen nie, om volledig meester van sy liggaam te word. Hy sien die verlossing vóór hom en kon dit tog nie na hom toe aantrek nie. Waarom dan nie? Moes dit miskien so wees?

[7] Vóór julle staan die Een wat die 'Moet' uitspreek, as dit nodig is! Maar Hy sê vir julle ook dat Hy, wat Johannes betref, hier geen 'Moet' uitgespreek het nie.

[8] Sy roeping om ter wille van die mense vir My die weg te baan, was `n sekere 'Moet', waaragter egter ook nog ewige vryheid verborge lê, wat julle in hierdie liggaam nie kan verstaan nie; maar dat hy My nie mag gevolg het toe hy My gesien en herken het nie, dit was geen 'Sal' en nog minder `n 'Moet' nie. Sy gees het toe geluister na die ingewing van sy siel, begin daarom ook aan My te twyfel en het daarom al vir die tweede maal bodes na My gestuur. Wie vra, is nog nie in die reine met alles nie; want elke vraag veronderstel óf onwetendheid, óf twyfel aan die waarheid van wat mens weet. As Johannes met alles in die reine was, sou hy geen bodes na My gestuur het nie.

[9] Wel het daar vóór hom nooit `n mens so `n streng lewe gelei as hy nie - want as hy `n begeerte in sy liggaam voel, eet en drink hy daelank niks nie, en was op daardie manier die grootste boeteling op die aarde, sonder om ooit te gesondig het - maar tog sê Ek vir julle almal: **as `n sondaar hom bekeer en vol liefde in sy hart na My toe kom, staan hy hoër as Johannes!**

[10] Want wie aan My sê: "Meester, ek is `n sondaar en ek is nie werd dat U in my huis kom nie!", het My liewer as nege-en-negentig regverdiges wat geen boetedoening nodig het nie en in hulle hart Elohim daarvoor prys dat hulle geen sondaars is nie en daarom beter is as `n nog so geringe sondaar. Ek sê vir julle: hulle loon sal eendag in My Ryk nie baie groot wees nie!"

***In Kis en op die berg van kis:***

### *Bekering van Kisjonah, die tollenaar*

**146** Nadat Ek hierdie toespraak beëindig het, kom daar uit die volksmenigte **`n tollenaar** na vore wie se hart al lank van liefde vir My gloei, hoewel hy van menige sonde bewus was. Hierdie man val voor My neer, raak met sy gesig die grond en sê:

[2] "O Meester! Hier in die stof lê iemand voor U wat wel `n groot sondaar is, maar wat U tog bo alles durf liefhet. Kyk, Meester, dit is al ruim tyd vir middagete; as ek werd is dat U onder my dak kom, dan wil ek U en al U leerlinge aan tafel uitnooi! Ek en my huis is te onrein en sondig vir U; **maar in my kombuis is suiwer kos en drank voorberei**. O, bewys my arme sondaar die barmhartigheid dat ek vir U die kos deur skoon hande hierheen mag bring!"

[3] **Ek** sê: "Kisjonah! Staan op, Ek sal met jou saam na jou huis gaan en **by jou die middagete geniet**! Jou huis sal `n groot verlossing te beurt val, nie vanweë jou sondes nie, **maar oor jou ware liefde en nederigheid**; daarom is ook al jou sondes jou so vergewe asof jy nooit gesondig het nie!"

[4] Daarop kom die tollenaar Kisjonah orent en Ek gaan met hom en baie leerlinge sy huis binne. Goed meer as honderd persone word daar ryklik versorg en die beste wyn ontbreek nie.

[5] Behalwe My leerlinge was daar egter ook nog `n groot volksmenigte uit al die plekkies van Galilea en Judea versamel, wat My tot by die huis van Kisjonah begelei het; en Kisjonah laat hulle, omdat hulle by My was en daar in die huis geen plek vir hulle was nie, buite brood en wyn gee.

[6] By so `n geleentheid ontbreek natuurlik die fariseërs nooit nie, wat My vanuit Kapernaum oral heen volg. Omdat hulle My weer opgewek en vrolik sien eet en drink, en sien hoe Ek ook aan tafel die berouvolle tollenaars - wat volgens die Judeërs verstokte sondaars is - in alle vriendskap die hand reik en hulle selfs My beste vriende noem, het Ek dit weer gedoen by die fariseërs en ander aartsjode.

[7] Hulle vererg hulle veral dat Ek na ete arm in arm met die tollenaars in `n pragtige, groot, aan die meer liggende tuin gaan wandel en ook teenoor die vyf aardige dogters van Kisjonah heel hartlik en vriendelik was, omdat hulle met `n egte en diepe liefde vir My vervul was. Ek noem hulle selfs ook heel liefdevol en vriendelik "My liewe

bruide", wat die fariseërs geheel en al ontsettend sondig vind!

[8] Toe Ek ook nog teen die aand die uitnodiging aanneem om die nag daar oor te bly en Ek Kisjonah ten slotte vrywillig belowe dat Ek ten minste vir drie dae en miskien nog langer by hom sou bly, toe was die gort behoorlik gaar vir die **fariseërs en aartsjode.** "So", sê hulle, "met sulke gespuis, met sulke aartsondaars en tollenaars hou Hy hom op, eet en drink saam met hulle op die vriendskap, drink gewoonweg te veel en wandel dan as `n vername Meester met die sondige dogters van die aartsondaars, tree mooi teenoor hulle op en gebruik ten slotte heel soete en tedere woorde om sulke aartshoere die evangelie van Elohim te predik, pleks van om ons te gebied om hierdie monsters te pak en te verbrand! Dit sou `n mooie Messias vir ons wees! Noudat die vyf wulpse hoere hom ingepalm het, wil Hy daar nog God weet hoe lank bly.

[9] Laat ons weggaan! Wat moet ons verder nog by Hom doen? Ons weet nou presies wat ons aan Hom het. Ons is nou tog al hoe lank by hom en het een van ons Hom al ooit sien bid? Wie het Hom ooit sien vas? Hy hou geen rekening met die sabbat nie, die grootste aartsketters en heidene, Grieke en Romeine, tollenaars, aartsondaars en wulpse, meegaande hoere is sy vriende en vreugde, en daarby nog goeie etes en baie bekers uitgelese wyn!

[10] Kortom, Hy is niks anders nie as: Ten eerste `n verfynde towenaar uit die skool van Pythagoras wat sy werk goed verstaan! Daarby is Hy `n goeie redenaar, wat enige towenaar wel moet wees om sy kuns beter aan die man te kan bring. Weliswaar neem Hy daarvoor geen geld aan nie; maar is dit nou so prysenswaardig? O, dit doen al die towenaars die eerste jaar, om so des te gouer beroemd te word; maar as hulle dit eenmaal is, dan het konings dikwels nie genoeg skatte om sulke kunstenaars tevrede te stel nie!

[11] Waarvoor sou Hy trouens geld nodig hê? Eet en drinke kry Hy verniet soveel Hy wil - en meer het Hy nie nodig nie! In die tweede plek is Hy `n gulsigaard en drinkebroer en iemand wat met sondaars omgaan, en wens vir Homself geen ander lewetjie nie. En ten derde het Hy Elohim en Sy wette nie nodig nie; want Hy dink dat Hy self Elohim is of ten minste Sy seun, wat ons Elohim van Abraham, Isak en Jakob by die aan ons maar al te bekende Mirjam van Násaret verwek moes hê. Wie van ons is so dom dat hy nie dadelik dwarsdeur so `n onbekookte, regte heidense towerstreek sou sien nie?

[12] In één woord, ons weet nou genoeg en dit is hoog tyd dat ons van Hom af weggaan; anders doen Hy ons nog iets aan en is ons reddeloos aan die duiwel uitgelewer! - Kyk nou tog gou hoe Hy die vyf dogters van die gehate tollenaar vlei en hoe hulle Hom letterlik aanbid! Ek wed duisend pond teen `n stater dat hierdie profeet en heiland, as hy nou na Jerusalem toe kom, maar al te gou met die koningin van al die hoere, die wêreldberoemde Mirjam van Magdala, baie intiem kennis sal maak en met haar `n hegte vriendskap sal sluit - en miskien ook met Mirjam en Martha van Bethanië, waarvan manne sê dat hulle ná Mirjam van Magdala die meeste besoekers kry!"

[13] Maar toe sê **`n ander** wat ietwat beter oë het aan die eerste spreker wat `n fariseër is: "Jy het weliswaar nie heeltemal ongelyk nie; maar as jy nogeens terugdink aan die byna eenderse toneel in die huis van tollenaar Matthéüs, toe ons daar ook so geoordeel het, maar desondanks deur Sy wyse woorde enorm op ons plek gesit is en almal van ons met ons mond vol tande staan! Wat moet ons doen as Hy hier ook weer teenoor ons begin uitvaar? Sou jy dan wel al die verantwoordelikheid vir ons op jou wil neem?"

[14] **Die eerste** sê: "Ek weet wel waar jy dit oor het, want ek was toe ook daarby. Hy sal ontsettend baie uitvlugte bedink; daarvoor is Hy dan ook `n redenaar en `n belangrike towenaar. Maar ons moet ons verstand gebruik; en ons verstand waarsku ons nou en sê: "Gaan, voordat julle julle heeltemal aan die duiwel oorlewer!" En so `n raadgewing van die verstand sal ons hopelik tog wel opvolg"? Of wil ons ons regtig aan die duiwel oorlewer? In Godsnaam nee! Dit is ewig verre van ons almal; want Abraham is ons vader, en sy Vader is Elohim, en daarom laat ons ons nie net soos die heidene deur hierdie towenaar beetkry nie!"

[15] Toe sê **die tweede** weer: "Maar Sy leer is suiwer en volledig in ooreenstemming met die natuur van die mens en daar is heeltemal niks duiwels aan nie! Ek is dit nie heeltemal met jou eens nie, want Moses leer ons in feite dieselfde as hierdie Nasarener.

[16] Elohim liefhê bo alles en die naaste soos jouself, kwaad nie met kwaad vergeld nie, selfs aan die vyande goed doen en hulle seën wat ons vervloek, daarby nederig en vol sagmoedigheid te wees - dit sien daar regtig heeltemal nie duiwels uit nie!"

[17] **Die eerste** sê: "Sekerlik nie vir jou nie, want jy is al van die duiwel! Weet jy dan nie dat die duiwel juis dan die gevaarlikste is as hy hom laat sien in die ligtende gewaad van `n engel?"

[18] **Die tweede** sê: "As jy sulke ou-wyf-gepraat as rigsnoer vir jou lewe neem, dan is daar met jou ook geen sinvolle woord meer te praat nie! Waar vind jy dan die os of die esel wat ooit `n satan in die gewaad van `n engel van Elohim gesien of gehoor praat het? Waarlik, nou doen jy saam met al jou swartkykers hierdie man `n onreg aan!

[19] Ons weet niks kwaads van Hom nie, maar wel baie goed en ongehoord wonderbaarliks. Waarom moet ons Hom dan dadelik veroordeel as ons sien dat Hy ook met sondaars soos met regverdiges omgaan en baie geduld en liefdevolle agting vir hulle het?"